## Afrikaanse Geskiedskrywing op CD

**E.L.P. Stals en P.H. Kapp (reds.),** ***Bibliografie van Nederlandse en Afrikaanse Historiese Publikasies in Suid-Afrika 1875-1998 / Bibliograhy of Historical Writings in Afrikaans and Dutch written in South Africa***
Sunmedia, Universiteit van Stellenbosch, 2003
ISBN 1-919980-01-6
R495.00

Die *Bibliografie van Nederlandse en Afrikaanse Historiese Publikasies in Suid-Afrika 1875-1998* is op CD vrygestel en daar word beplan om die databasis elke vyf jaar op te dateer met aanvullende uitgawes. Dit is 'n gesamentlike projek van die Geskiedeniskommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch en het nege jaar

geneem om te voltooi. Die oorspronklike inisiatief het in 1993/94 van die Geskiedeniskommissie gekom.

Die *Bibliografie* bevat 4 327 titels wat onder 56 onderwerpe ingedeel is. Sommige titels is by meer as een onderwerp geplaas sodat uiteindelik 6 572 titels opgeneem is. Dit is belangrik om daarop te let dat bydraes op terreine soos historiese opvoedkunde, kerk, godsdiens en sending, ekonomie, sport, musiek, letterkunde, beeldende kunste, politiek, sosiologie, teoretiese geskiedenis en die internasionale geskiedenis in ag geneem is. Al die titels is van Engelse vertalings voorsien sodat die databasis in Afrikaans sowel as in Engels ontsluit kan word. Met 'n sleutelwoord kan enige titel opgespoor word en van die titel kan na die skrywer en uitgewer gewerk word. Die program wat gebruik is, stel gebruikers in staat om nie net oor skrywers, titels en onderwerpe navraag te doen nie, maar ook om interessante statistiese inligting te bekom. Dit is byvoorbeeld interessant om daarop te let dat van die 266 Geskiedenisproefskrifte met graadbenamings D Litt et Phil, D Litt en D Phil wat in die *Bibliografie* opgeneem is, 22 onder die onderwerpsgroep "politieke geskiedenis van SA 1910-1948 " geplaas word, 19 onder "biografiese studies", 16 onder "Zuid-Afrikaansche Republiek", 15 onder "rasseverhoudinge", 12 onder "ekonomiese geskiedenis" en 10 onder "geskiedenis van SA sedert 1945". Wat die 665 M-verhandelinge betref, is die twintig gewildste onderwerpskategorieë "Zuid-Afrikaansche Republiek en Transvaalse voorgeskiedenis" 98, "Kaapkolonie 1795-1910" 51, "ekonomiese geskiedenis, demografie" 45, "plaaslike en streeksgeskiedenis" 43, "politieke geskiedenis van Suid-Afrika, 1910-1948" 37, "geskiedenis van Suid-Afrika sedert 1945" 36, "tydperk van die Vereenigde Oosindische Compagnie" 36, "Anglo-Boereoorlog, Tweede Vryheidsoorlog, Engelse Oorlog" 35, "militêre geskiedenis en veiligheidsdienste" 34, "Oranje-Vrystaat, Soewereiniteit en Republiek" 34, "swartvolke en swartbevolking" 33, "kerk, sending en godsdiens" 32, "kunsgeskiedenis, teater, argitektuur" 32, "rasseverhoudinge" 29, "biografiese studies" 27, "kultuurgeskiedenis, volkskunde, taalgeskiedenis" 26, "die vasteland van Afrika" 23, "die pers en uitgewersgeskiedenis" 22, "onderwys, opvoedkunde, versorging" 22 en "buitelandse beleid en internasionale verhoudinge" 17.

Ewe interessante inligting kan uit die titels van gepubliseerde werke en tydskrifartikels bekom word. Wanneer al die inskrywings in die *Bibliografie* in ag geneem word, kom 'n ietwat ander aanduiding van gewildheid na vore as in die geval van doktorale proefskrifte en M-verhandelinge. Die tien gewildste onderwerpskategorieë is in hierdie geval: "kultuurgeskiedenis, volkskunde, taalgeskiedenis" 357, "kerk, sending en godsdiens" 316, "Zuid-Afrikaansche Republiek en Transvaalse voorgeskiedenis" 292, "Anglo-Boereoorlog" 278, "biografiese studies" 263, "onderwys, opvoedkunde, versorging" 262, "geskiedenis van die Afrikaner, Afrikaneridentiteit, Afrikanernasionalisme" 233, "teoretiese aspekte van Geskiedenis" 208, "tydperk van die Vereenigde Oosindische Compagnie" 198, en "politieke geskiedenis van Suid-Afrika, 1910-1948" 197.

Daar sal natuurlik meningsverskil bestaan oor die onderwerpskategorieë wat gebruik word. Enersyds kan geredeneer word dat die redakteurs hulle deur die beskikbare titels laat lei het en met hulle keuse van die 56 onderwerpskategorieë bloot daaraan beslag gegee het. Andersyds sal daarop gewys kan word dat ook in hierdie geval faktore soos die vertrekpunt van die redakteurs, die wydheid van hulle

kennishorisonne en hulle persoonlike voor- en afkeure kon ingespeel het op hulle keuses. Die indeling is nogtans logies verantwoord en lei die gebruiker na ’n sinvolle benutting van die inligting. Dit verhinder ook nie die gebruiker om sy/haar eie ontleding van die betrokke inligting te doen nie.

Die groot waarde van die *Bibliografie* is waarskynlik daarin geleë dat dit ’n nuttige instrument aan historici en ander belangstellendes verskaf om tendense in Afrikaanse Geskiedenispublikasies en in ander bydraes soos verhandelinge en proefskrifte meer akkuraat te kan vasstel en evalueer. Dit maak dit ook makliker vir buitelandse akademici om ’n geheeloorsig te kry en kennis te dra van die leemtes in hulle eie werke indien hulle nie ook die Afrikaanse bydraes in ag neem nie.

Die redakteurs maak ’n groot en belangrike bydrae en verdien historici en ander belangstellendes se dank en waardering.

Johan Bergh
Departement Historiese en Erfenisstudies
Universiteit van Pretoria